



GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

INFO 18/2026

23 Oktober 2026

Van die skoolhoof

Galasiërs 6:2: "Dra mekaar se laste en vervul so die wet van Christus."

Ek lees hierdie vraag op sosiale media raak: "Wat gebeur wanneer 'n gemeenskap 'n skool as sy eie verantwoordelikheid beskou?"

Hierdie vraag laat my nadink oor ons eie skool, ons geskiedenis en veral die gemeenskap waarvan ons deel mag wees.

Deur die geskiedenis heen het Christengemeenskappe wêreldwyd skole gestig omdat hulle oortuig was dat die opvoeding van hulle kinders nie losgemaak kan word van hulle geloof nie. Skaars 100 jaar terug het Gereformeerde ouers in Nederland groot opofferings gemaak om hulle eie skole te stig. Ook in Suid-Afrika het Christen ouers baie sterk gevoel oor Christelike onderrig en so het die Christelik Nasionale Onderwys ontstaan. Ouers het begeer dat hulle kinders nie bloot kennis moes verwerf nie, maar in elke aspek van die skoollewe geleer moes word om God as die Skepper en Onderhouer van alles te erken.

Ons eie Gereformeerde Skool Dirk Postma is gebore uit hierdie geloofsoortuiging. Ouers en ander gelowiges het nie gewag dat iemand anders verantwoordelikheid neem nie. Hulle het self hande gevat, opofferings gemaak en in geloof begin bou. Vandag, byna 40 jaar later, mag ons steeds die vrug daarvan pluk.

Maar wat gebeur wanneer 'n gemeenskap eienaarskap van sy skool neem?

Dan word die skool veel meer as 'n gebou waar kinders af- en opgelaai word. Dit word 'n gemeenskaplike roeping. Ouers raak betrokke omdat hulle iets wil bydra. Mense bied hulle tyd, kundigheid, gawes en middele aan. Onderwysers word ondersteun, uitdagings word saam aangepak en vreugdes word saam gevier.

Ons beleef dit gereeld in ons eie skoolgemeenskap. Ons sien ouers wat spontaan hulp aanbied, mense wat agter die skerms werk, gemeentes wat belangstel en oudleerders wat steeds met liefde terugkyk en betrokke bly. Dit is kosbaar!

Paulus herinner ons in Galasiërs 6:2 om mekaar se laste te dra. Hierdie opdrag vind ook gestalte in ons skoolgemeenskap. Ons dra saam verantwoordelikheid vir die Christelike opvoeding van die volgende geslag. Niemand hoef hierdie roeping alleen te vervul nie. Eienaarskap beteken dat ons nie bloot toeskouers of verbruikers is nie. Dit vra dat ons nie net sal vra wat die skool vir ons kinders kan doen nie, maar ook wat ons tot die skool kan bydra.

Mag ons nooit die besondere voorreg van ons eie Gereformeerde skool as vanselfsprekend aanvaar nie. Mag ons voortbou op die fondament wat vorige geslagte gelê het, nie ter wille van ons eie eer nie, maar tot eer van die Here. Want wanneer 'n gemeenskap 'n skool as sy eie verantwoordelikheid beskou, bou hy nie net aan 'n skool nie. Hy belê, onder God se hand, in die geloofsvorming en toekoms van 'n volgende geslag gelowiges.

Saskia Meijer



Bepanner

27/10: Begrotingsvergadering

28/10: LS Skaakafsluiting

30/10: Hervormingsprogram

30/10: LS Kookkompetisie

02/11: Gr 10 Eksamen begin

03/11: Graad 8 & 9 Expo

04/11: Verkiesing

05/11: Gr 8 & 9 Eksamen begin

09/11: Gr 7 Saalafsluiting



ALGEMEEN

Hervormingsdiens – 30 Oktober

Op **Vrydag 30 Oktober** om 07:40 bied die skool ons jaarlikse Hervormingsdiens aan. Tydens hierdie besondere geleentheid herdenk ons die Kerkhervorming en word ons opnuut herinner aan die kosbare erfenis van die Reformasie en die voorreg om God se Woord as grondslag van ons geloof en lewe te hê.

Alle ouers, grootouers en belangstellendes word hartlik uitgenooi om die diens saam met ons by te woon.

Belangrike datums:

Desembervakansie


Soos vroeër vanjaar gekommunikeer sluit die skool vanjaar op 27 November om 11:00 vir alle leerders. Volgens die oorspronklike jaarbeplanner sou die skool op 2 Desember vir leerders sluit, maar a.g.v. die IEB se merkproses het die bestuur toestemming verleen dat ons vroeër kan sluit.

Wat beteken dit vir leerders en ouers?

- Die skool sluit vir **alle leerders op 27 November**.
- Die **Laerskool sal toesig bied tot 2 Desember**, maar daar sal **geen formele program** wees nie.
- **Rapporte word steeds op 8 Desember uitgedeel.**

'n Paar ander datums wat u solank kan aanteken:

- 13 Januarie 2027 - Skool heropen vir alle leerders
- 16 Januarie 2027 - 15:00 Dankdiens vir 40 jaar bestaan
- 21 Januarie 2027 - Groentjiekonsert
- 23 Januarie 2027 - Huissport



POSTMA HANDE

Vele hande maak ligte werk. Ons weet hier is ouers wat baie **HANDIG** is. Ons het ook baie **HANDE** nodig om met kleiner onderhoudstake te help. Tipiese take is bv. die afskuur en vernis van die klaskamers se houtdeure, sluitkassies se skarniere wat breek en vervang moet word, die verf van 'n lokaal of heinings en die skuif van items soos pype ens. Die bestaande hande doen werklik hul bes, maar kan eenvoudig nie by alles uitkom nie. Sluit gerus op die groep aan, ons sal gereeld nuwe take op die groep deel.



Postma
Hande

POSTMA HANDE

Wil jy hand bysit
met die
instandhouding
van ons terrein?

Ons is **dankbaar** vir elke
paar hande wat aanmeld.



Sluit gerus by ons Whatsapp-groep aan en deel jou gawes.

Kleutenskool

Neem kennis van die volgende datums:

13 November: Lekkertjiedag

19 November: Gradeplegtigheid

20 November: Graad 1-kuierdag

24 November: Intreevergadering vir
nuwe ouers

26 November: Graad 1-kuierdag en
kuierdag vir nuwe kleuters (2027)



EKSAMENROOSTER - November 2026

	GR 4	GR 5	GR 6	GR 7
Wo. 11 Nov.				Tegn.
Do. 12 Nov.	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis	Kerkgeskiedenis
Vr. 13 Nov.				EBW
Ma. 16 Nov.	Afrikaans 2	Afrikaans 2	Afrikaans 2	Wiskunde 2
Di. 17 Nov.	LO	Bybel	Nat +Tegn.	NW
Wo. 18 Nov.	Wiskunde 1	Wiskunde 1	Engels	LO
Do. 19 Nov.	SW	LO	Bybel	SW
Vr. 20 Nov.	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1	Afrikaans 1
Ma. 23 Nov.	K+K	K+K	K+K	K+K
Di. 24 Nov.	Bybel	SW	Wiskunde 1	Wiskunde 1
Wo. 25 Nov.	Engels	Engels	LO	Bybel
Do. 26 Nov.	Nat +Tegn.	Nat +Tegn.	SW	Engels
Vr. 27 Nov.	Wiskunde 2	Wiskunde 2	Wiskunde 2	Afrikaans 2

Wo. 11 Nov. – Vr.13 Nov.: Tydens klastyd in die spesifieke periodes.

Ma. 16 Nov. – Do. 26 Nov.: Eksamen (07:40 – 12:00) *Wagklas is beskikbaar tot 13:30

Vr. 27 Nov. : Eksamen en skool uit om 11:00

Is jy reg vir Graad 4?

Kom geniet 'n inligtings- en wisselaand saam met ons!

Wat gaan maats doen?
Wissel volgens rooster

Ligte ete word voorsien

Wat gaan ouers doen?
Inligtingsessie bywoon – dit vervang 2027 se inligtingsaand!

Datum: 26 November 2026
Tyd: 17:30-19:00

Laerskool Dirk Postma



Graad 7 Saalafsluiting & Geskenk-seremonie

**Graad 7's en ouers,
kom vier in dankbaarheid saam
met ons Graad 7**



Datum: 9 November



Tyd: 07:40 - 09:00



Plek: Kerkgebou



KUNS

Kuns is 'n gawe waarmee
ons God se skepping en ons
eie kreatiwiteit kan vier.


Deur kleur, vorm en
verbeelding weerspieël ons
iets van die wonder,
skoonheid en uniekheid
waarmee God ons wêreld
geskep het.

VRYDAG

20 NOVEMBER
2026

17:00 - 18:30

KOS BESTELLINGS SAL
LATER VOLG



**WAAR : BY GEREFORMEERDE LAERSKOOL
DIRK POSTMA**

GRAAD 1 - 7

KOOKKOMPETISIE



VRYDAG | 13:45 - 15:00
30 OKT | VOOR DIE ARK

INSKRYWINGS SLUIT: VRYDAG, 23 OKTOBER

FINALE REËLINGS WORD MAANDAG, 26 OKTOBER
VIR DIE DEELNEMERS UITGEDEEL.

TROTS AANGEBIED DEUR DIE DIRKIEDINGE

EKSAMENROOSTER

Die Hoërskool begin amper met die jaareindeksamen. Die rooster is aan die kinders uitgedeel en op die webwerf beskikbaar.

GRAAD 8 & 9 - PROJEK



The poster features the school crest at the top center. Below it, the title 'GRAAD 8 & 9 - PROJEK' is written in large blue letters, followed by 'E K S P O' in red. Underneath, it says 'VERSKYNSELGEBASEERDE ONDERSOEKENDE LEER'. The poster is divided into two main sections: a blue one for Grade 8 with the theme 'NATUURBEWARING' (Nature Conservation) and an orange one for Grade 9 with the theme 'HAWELOOSHEID' (Homelessness). Each section includes an illustration of students working on their projects. At the bottom, a calendar icon indicates the date 'Dinsdag 3 November 2026'. A clock icon indicates the time 'Tye:'. A list of activities is provided: 08:00 - 09:00 for visiting project displays, 09:00 - 11:00 for project presentations by students, and 11:00 - 12:00 for visiting project displays. The location 'Gereformeerde Kerk Die Kandelaar Binnehof' is listed at the bottom right.

GRAAD 8 & 9 - PROJEK
E K S P O
VERSKYNSELGEBASEERDE ONDERSOEKENDE LEER

GRAAD 8
TEMA:
NATUURBEWARING

GRAAD 9
TEMA:
HAWELOOSHEID

Datum: Dinsdag 3 November 2026

Tye:

- 08:00 – 09:00 | Besoek uitstallings van projekte
- 09:00 – 11:00 | Aanbieding van projekte deur leerlinge
- 11:00 – 12:00 | Besoek uitstalling van projekte

Gereformeerde Kerk Die Kandelaar Binnehof

Die graad 8's en 9's is sedert September besig met hul "Verskynselgebaseerde ondersoekende leer-projek". Hul temas is onderskeidelik natuurbewaring (graad 8) en haweloosheid (graad 9). Die hoofdoel van die projek is om ons kinders te leer hoe ons as Christene rentmeesters kan wees oor die skepping, en naasteliefde kan uitleef aan die mense rondom ons.

Tydens die gemeenskapsdae in September moes leerlinge probleme identifiseer by die onderskeie plekke wat hul besoek het (Magaliesberg en Moeggesukkel). Die projek behels dat hul die probleme moes bespreek, en een spesifieke probleem identifiseer wat hul sal kan aanspreek. Tydens verskeie projekperiodes is daar hard gewerk aan idees, moontlike oplossings (sommige uitvoerbaar, en ander minder uitvoerbaar), tot hul nou gekom het by die uitvoering van hul oplossings. Op 3 November 2026 gaan die leerlinge 'n Ekspo hou waar hul die hele proses wat hul gevolg het, van probleemidentifisering tot die uitvoer van die oplossing uitbeeld, en aanbied vir 'n gehoor. Enige persoon is welkom om die ekspo te kom bywoon.

NASIONALE RAPPORTYERS-BYBELVASVRA: GSDP BLINK UIT IN DIE FINAAL!

Wat 'n besondere voorreg en seën dat Gereformeerde Skool Dirk Postma vanjaar weer aan die Nasionale Rapportyrs-Bybelvasvra kon deelneem! Ons het drie hoërskoolspanne vir die kompetisie ingeskryf en is besonder dankbaar en trots op ons leerders wat onderskeidelik die eerste, tweede en vierde plek in die hoërskoolafdeling behaal het.


Van die eerste voorbereidings, saam leer en uitdunrondtes tot by die finaal was dit 'n wonderlike reis waarin ons leerders nie net hul Bybelkennis kon verdiep nie, maar ook saam kon groei in hul liefde vir God se Woord.

'n Hartlike woord van dank aan juffrou Lientjie Drijfhout wat die spanne met soveel toewyding en entoesiasme afgerig het. Baie dankie ook aan juffrou Lynni Enslin en juffrou Jokie Boshoff vir julle waardevolle ondersteuning.

Ons bedank elke leerder wat aan hierdie besondere kompetisie deelgeneem het. Die grootste waarde daarvan lê immers nie in die prestasies of trofee nie, maar in die kosbare Woord van God wat bestudeer, oordink en in jong harte vasgelê word.

Mag ons, soos so treffend deur die wisseltrofee uitgebeeld word, in diepe eerbied voor God neerbuig, dankbaar vir sy genade waardeur sy Woord in ons harte ingeplant word. Mag hierdie Woord ook in die harte van elke leerder wat landswyd deelgeneem het, wortelskiet, groei en ryklik vrug dra. Mag hulle dit met vrymoedigheid uitdra, sodat die Woord steeds verder versprei.

Baie geluk aan ons wenner van 2026! Aan God alleen die eer!



BLY DIE HELE 2027 SIGBAAR


Adverteer in ons
hoërskool dagboek!

R450 Volblad-portret

R350 Halfblad-landskap

R250 Kwartblad-portret

Stuur 'n e-pos aan
bemarking@gsdp.org.za



GEREFORMEERDE SKOOL
DIRK POSTMA

**BESTEL U MEDIKASIE OP
WHATSAPP
EN ONS DOEN DIE RES!**

KILNERPARK APTEEK

☎ 012 012 5171 📞 079 105 1793

TOTIUSDAL APTEEK+KLINIEK

☎ 012 332 1911/2 📞 061 549 2255

□ — ● — □
HELDER

SWANGERSKAP & POSTPARTUMSORG KLINIEK

· SONAR-DIENSTE ·

Voorgeboortesorg & klasse

Postpartumsorg

Borsvoeding

Swangerskap sonar-dienste

Vrouegesondheid

helderclinic.co.za

☎ 076 668 6398 📍 Waverley, Pta

 Helder clinic

 Helder clinic


WISKUNDEVREES?



Is jy bang vir die eksamens?

EKSAMENVOORBEREIDING

- Klein groepe (Maksimum 4).
- Slegs **R250**/leerder per klas.
- **60 minute** per klas.
- Gratis studiemateriaal ingesluit!



BESPREEK NOU

Slegs Beperkte Plekke Beskikbaar!

Juffrou Marieke Schuring

Whatsapp: **081 571 6383**



Kom ons verbeter daardie punte!



DOEN AANSOEK

Oorweeg jy dit om in 2027 te werk én te studeer?

STUDIEAANSOEKE IS OOP

www.akademia.ac.za

KUMON
VILLIERIA



**KLEIN TREË.
STERK FONDASIES.
GROOT VORDERING.**



**Nou oop in
Waverley Plaza**

Help jou kind om met selfvertroue
en onafhanklikheid te leer!

WISKUNDE

Bou 'n sterk grondslag en verbeter speed,
akkuraatheid en probleemoplossingsvaardighede.



ENGELS

Ontwikkel woordeskat, leesbegrip, grammatika en
selfvertroue in Engels as 'n tweede taal.



KUMON CONNECT

Die bekende Kumon-werkkaarte - nou beskikbaar digitaal
op tablet - met maklike indiening en deurlopende terugvoer.



Scan me!

**Bespreek 'n gratis
assessering**



<https://www.kumon.co.za/book-assessment/villieria>



076 781 3428

Bespreek
vandag nog



Winskooptoe

DROOM • LEEF • REIS

HISTORIESE Normandië & Lae Lande LENTETOER


25 APRIL - 8 MEI 2027

'n Onvergeetlike lentetoer vanaf die kranse van Normandië tot die tulpvelde van Nederland!

Beleef 'n reis wat strek van Middeleeuse vestings en die dapper verhale van D-Dag, tot die fyn kuns van die meesters en Nederland se moderne meesterstuk, die Neeltje Jans.



Keukenhof, Nederland



Étretat, Frankryk



Tuin van Monet, Giverny



Snapscan Kodes



Snap here to pay



Doen betalings vir skoolfonds of boufonds met behulp van die "snapscan"-kodes of een van die volgende:

EFT

D6-toep

Kaartfasiliteit (laerskoolkantoor)

Ons hanteer GEEN KONTANT nie.



Snap here to pay



GSDP-

SKOOLFONDS

Onthou om altyd u familiekode en die doel (as dit anders is as skoolfonds) te gebruik, byvoorbeeld 0123 BOUFONDS.

GSDP-

BOUFONDS

ONDERSTEUN GSDP & HERWINNING



BLITS

Wanneer u aankope te Blits doen, noem asseblief dat u 'n GSDP-ouer/-ondersteuner is.

Dankie vir u ondersteuning!

MY SCHOOL

Hoe werk die MySchool-kaart? Vir aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart, bv Woolworths, ontvang die skool maandeliks 'n persentasie van die aankope.

Indien u nog nie 'n kaart het nie, besoek die web-tuiste van MySchool en volg die skakel na "Get a MySchool card now". Dit is baie maklik en neem enkele minute.

Ons het afgelope jaar R 16 405,00 uit hierdie projek ontvang.



MySchool MyVillage MyPlanet

PICK N PAY, WAVERLEY PLAZA



Plaas asseblief al u kasregisterstrokie in die houer, gemerk "Dirk Postma". Die skool in die Moot met die MEESTE kasregisterstrokie (nie geldwaarde nie), ontvang aan die einde van die jaar 'n kontantbedrag.

GSDP: GLASPROJEK

Ondersteun asseblief ons glasprojek deur al u "afval"-glas in die houters te Cunninghamlaan te plaas.

**Baie dankie dat ons kan staatmaak op u ondersteuning.
Saam kan ons probeer om die nasionale wenner in 2026 te wees.**

